

# Bestel sojaboonsaad vroegtydig

Neem by kultivarkeuse kennis van peulhoogte, siekteweerstand, die aanpasbaarheid van kultivars, klimaatstoestande en die oopspring van peule.

Die afgelope seisoen se sojaboonoes is pas gestroop, maar boere moet reeds daaraan begin dink om hul bestellings vir die volgende seisoen te plaas.

Kultivarkeuse is baie belangrik. Daarom moet die boer 'n verskeidenheid aspekte in ag neem wanneer hy moet besluit watter kultivars hy gaan plant. Kultivars is veral gevoelig vir dagliglengte. Die boer moet dus kennis neem van kultivars wat meer geskik is vir spesifieke klimaatsones as ander kultivars. Hierdie inligting en ander data word dikwels in die kultivar se naam vervat. Neem byvoorbeeld die kultivarnommer LS 6014 van die saadmaatskappy LinkSeed:

- Die eerste syfer, dit wil sê 6, toon aan dat dit 'n LinkSeed-kultivar is.
- Die tweede syfer, 0, dui aan dat dit 'n bepaalde of onbepaalde kultivar is. 'n Gelyke getal (0, 2, 4, ensovoorts) dui aan dat die kultivar onbepaald is.
- Die derde syfer, 1, dui aan dat dit 'n smalblaarkultivar is. Ewe getalle dui breëblaarkultivars aan.
- Die laaste syfer, dit wil sê 4, dui aan tot watter groep die kultivar behoort – in hierdie geval dat dit 'n vinnige kultivar is. Suid-Afrika is in klimaatsones ingedeel wat wissel vanaf sone 4 tot sone 8, hoewel die meeste sojabone in die groepe 5, 6 of 7 val. Groep 4 is dus 'n vinnige kultivar en kultivars wat in groep 8 val, is kultivars met 'n lang groeityd.

Oestyd kan aangepas word deur kultivars met verskillende groeilengtes te plant. Dit kan tot 'n beter benutting van masjinerie lei. In gebiede waar *Sclerotinia* en roes voorkom, kan kultivars met 'n kort groeityd, wat vroeg geplant word, moontlike verliese met soveel as 80% tot 90% beperk. Saad wat geplant word in 'n saadbed wat goed voorberei en korrek bemes is, verseker 'n goeie plantestand en gevolglik 'n goeie opbrengs.

Inenting met erkende *Rhizobium* van bekende vervaardigers is noodsaaklik om die nodige stikstofbinding te verseker. Dit is belangrik vir die sojaboonoes en toekomstige gewasse wat in 'n wisselboustelsel met sojabone geplant word. Sojabone is 'n ideale wisselbougewas met mielies en bied 'n verskeidenheid voordele aan die grond en aan winsmarges.

As nuwe kultivars van erkende saadmaatskappye gekies word, moet dit liefs eers op 'n kleiner oppervlakte geplant word as die voorheen beproefde kultivars om eers seker te maak of die betrokke nuwe kultivars wel geskik is vir die plaas en die omgewing.

Goeie saadgehalte verhoog die kans op sterk groeikragtigheid en 'n goeie oes en het 'n belangrike invloed op die potensiële opbrengs van die aangeplante sojabone.

Danksy die genetiese modifisering (GM) van saad van etlike gewasse kan die wêreld meer voedsel op dieselfde oppervlakte met dieselfde of selfs minder produksiemiddele produseer. Die kweek van GM gewasse het dramaties toegeneem sedert die bekendstelling daarvan in 1994 in Amerika. Daar word verwag dat dié nuwe tegnologie in die volgende aantal jare steeds verder sal uitbrei. Dit, tesame met ander intensiewe navorsingsprogramme van saadmaatskappye, het tot gevolg gehad dat bekende kultivars met uitstekende opbrengs en gehalte inderdaad 'n nuwe produk geword het met die verbeterde resultate waarna hierbo verwys is.

Saadmaatskappye waarborg dat gesertifiseerde saad van 'n goeie gehalte en ook siektevry is. Daarom is saadsertifisering belangrik. Dit word op drie faktore gebaseer:

- Ontkiemingspersentasie. Dit is 'n aanduiding van die persentasie normale saailinge wat verwag kan word wanneer dit in optimale toestande groei asook die opbrengspotensiaal van die saad.
- Groeikragtigheid van die saad. Dit verskaf inligting oor die potensiaal van die saad in verskillende omstandighede en nie noodwendig in optimale toestande nie.
- Saadgrootte. Hoe groter die saad is, hoe beter kan dit met grondgedraagde siektes en onkruid meeding. Volgens navorsing beïnvloed kleiner saad nie ontkieming nie, maar wel groeikragtigheid. As die saad klein is, moet boere verseker hul planters is korrek gekalibreer en die lugdruk word aangepas om teen die korrekte plantdigtheid te plant.

As die boer saad vir 'n paar maande moet opberg voordat dit geplant word, moet hy die saad versigtig hanteer sodat dit nie beskadig word nie, aangesien dit ontkieming nadelig sal beïnvloed. Dit moet ook skoon opgeberg word in koel, droë toestande en veilig teen muise en rotte gehou word.

Dit word nie aanbeveel dat saad van 'n vorige seisoen opgeberg en in 'n volgende seisoen geplant word nie. LB

**Dr. Pat Caldwell** *is 'n navorser en kontrakteur van die Proteïennavorsingstigting.*

Graanprysrisiko: Is die toppresterende graanboere diegene wat prysrisiko die beste bestuur?
Vra vir Frans www.franslyons.co.za
FransLyons
GESPESIALISEERDE PRYSRISIKOBESTUUR
Kry die beste resultaat